Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

Verwysing: 20170124-7609
12/2/8/13/1
Navrae : W Mercuur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0007/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Taal- Geografie-onderwysers van hoërskole

Onderwerp: Die 2017 SAOG-opstelkompetisie

1. Let asseblief daarop dat inskrywings vir die 2017 kompetisie oop is.

2. Die tema vir 2017 is: ***"Die benutting van volhoubare energie vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling"*** **("Harnessing Sustainable Energy for Regional Economic Development")**. Die onderwerp wat van die 36ste Gewone Spitsberaad van Staatshoofde en Regering van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) afgelei is, is: ***"Hulpbronmobilisasie vir belegging in volhoubare energie-infrastruktuur vir inklusiewe SAOG-industrialisasie vir die welvaart van die streek" ("Resource Mobilisation for Investment in Sustainable Energy Infrastructure for Inclusive SADC Industrialisation for the Prosperity of the Region")***. Bespreek hoe dit tot volhoubare ekonomiese ontwikkeling kan lei.

3. Die volgende punte is bedoel om deelnemers tydens die bespreking van die hoofonderwerp hierbo te lei. Deelnemers moet al die onderstaande punte bespreek:
   a) Bespreek die ekonomiese voordele wat die SAOG-lidlande toeval ten opsigte van beleggings in volhoubare energiebronne. **(20 punte)**
   b) Bespreek breedvoerig die tipes volhoubare energietegnologieë wat die "gaan groen" globale inisiatief in stand hou. **(15 punte)**
   c) As 'n sekondêre skoolleerder, identifiseer kritiese sleutelvaardighede wat nodig is om volhoubare energieprojekte in die SAOG-streek te bevorder. **(20 punte)**
   d) Bespreek en gee voorbeelde van volhoubare energieprojekte binne die SAOG-streek wat op streeksintegrasie en sekuriteit van energievoorsiening gerig is. **(15 punte)**
   e) Bespreek die negatiewe impak van energiebronne op die omgewing en watter maatreëls die SAOG gereed het om hierdie impakte te versag. **(15 punte)**

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2630 Faks: +27 21 467 2258
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

f) Bespreek die rol wat deur nieregeringsrolspelers, privaatsektore, nieregeringsorganisasies, tradisionele owerhede en plaaslike gemeenskappe gespeel moet word in die verskaffing en verspreiding van volhoubare energie vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling. **(15 punte)**

4. Let asseblief op die volgende:
   - Die opstel moenie langer as 1 500 woorde wees nie. Dit mag ook nie korter as 1 000 woorde wees nie. Gebruik asseblief Arial 12 (1.5 spasiëring) indien die opstel getik word en voer die bladsynommers in.
   - Opstelle moet in Engels ingedien word.
   - Die voorblad moet die leerder se naam, kontakbesonderhede (selfoonnommer en e-posadres), naam van skool en provinsie insluit.
   - Die kompetisie is slegs vir sekondêre skoolleerders oop.

5. Alle sekondêre skoolburgers van SAOG-lidlande is welkom om aan hierdie kompetisie deel te neem.

6. Die drie gekose opstelle uit elke provinsie sal teen Vrydag, 05 Mei 2017 aan die Departement van Basiese Onderwys gestuur word. Die SAOG-sekretariaat het 'n bedrag van US $1 000 as prysgeld vir die nasionale wenners van die kompetisie in elke lidstaat toegestaan. Die prysgeld sal soos volg verdeel word:
   - US $500 vir die eerste prys
   - US $300 vir die tweede prys
   - US $200 vir die derde prys

   Elke kandidaat sal die ekwivalent van die prysgeld in rand ontvang. Die drie nasionale wenopstelle sal aan die SAOG-sekretariaat vir oorweging in die streekkompetisie gestuur word.

7. Inskrywings kan voor of op **Vrydag, 07 April 2017** aan die volgende amptenare gestuur word:
   - **Me F Haffejee (AHO – Engels), e-pos: Fazeela.Haffejee@westerncape.gov.za, faks: 086 627 7434; of**
   - **Mnr G Samaai (AHO – Geografie), e-pos: Glen.Samaai@westerncape.gov.za.**
   - **U kan ook u inskrywings via die vakadviseur vir Engels/Geografie by u distrikskantoor stuur.**

8. Ons wil graag alle skole aanmoedig om aan hierdie opwindende kompetisie deel te neem.

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke onderwysers.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-27